# Maties. Ons is wie ons ís

**Alle Maties ken die legende goed: Voor jy jouself 'n ware Matie kan noem, moet drie dinge met jou gebeur. Daar moet 'n akker op jou kop val. Jy moet vry in Die Laan. En jy moet 'n vak sleep. GERHARD MULDER, 'n joernalistiekstudent, het gaan uitvind wat studente dink van Matie-wees in 'n tyd van verandering op Stellenbosch.**

Dis Vrydagaand. Láát. Almal wat nog in Stellenbosch wil uit wees, is in Springbok. Vir sommiges is dit die laaste opsie, vir ander is dit die plek om te wees. Maar om by dié legendariese watergat te eindig, is die teken van 'n goeie aand uit.

Die ligte flikker en vervorm oor die mense wat dans. Daar is vryery. 'n Klein bakleiery. Daar is ouens wat *pool* kom speel het en die *bar* is besig.

Studente kan tot ná vier in die oggend hier kuier, waarna hulle drupsgewys weer terugdrentel na hul koshuise, woonstelle en huise.

Die meeste studente sal ten minste een keer in hul studiejare 'n draai by Springbok maak. Vir sommiges is dit deel daarvan om 'n Matie te wees.

Maar daar is studente wat slegs in 'n kuierplek soos die Mystic Boer sal ingaan om 'n kerk se boodskap te versprei. Hulle loop twee-twee en vra vriendelik vir half-nugter studente of hulle die Goeie Nuus wil hoor.

Hoe kan hierdie onversoenbare twee groepe albei Maties wees? Vir Roelof Nel, die primarius van Wilgenhof, is dit 'n onmoontlike vraag.

"Dis so goed jy sê 'n enjin bestaan net uit 'n klomp parte, maar die parte dra tog by tot die funksie van die enjin."

Die meeste van vandag se Maties deel sy opinie. Geen Matie se ervaring van kampus sal identies wees aan 'n ander student s'n nie.

Van die ongeveer 22 000 studente wat in 2005 op die vier Matie-kampusse (Stellenbosch, Tygerberg, Bellville en Saldanha) ingeskryf was, was slegs 60% Afrikaanssprekendes.

Afrikaans is egter nog 'n strydpunt op kampus. Onlangs het Stellenbosse-alumni gewys dat hul nog Afrikaans as deel van die Universiteit se identiteit wil behou. Met die verkiesing van raadslede vroeër vanjaar, het die oorgrote meerderheid van die stemme die pro-Afrikaanse kamp gesteun.

**" 'n Matie is enigeen wat deel vorm van kampuskultuur."**
*Roelof Nel – primarius van Wilgenhof*

**"Ek neem aan dat elke persoon 'n ander definisie van Matie-wees sal hê, en dat daar dus nie een definisie is nie."**
*Marissa Baard – meestersgraadstudent*

**"Ek dink dat die drie Matie-tradisies beslis nog geld."**
*André-Pierre du Plessis, redakteur van* Die Matie-*studentekoerant*

**"Ek was deur alles wat my 'n Matie maak, van my koshuisjare tot my graad."**
*Daphney Molewa, nagraadse student*

**"Die idee van 'n Matie is ietwat corny, maar ek dink ek was al deur genoeg om my 'n Matie te noem."**
*René Vollgraaff, nagraadse student*

Marissa Baard, wat haar meestersgraad in Geskiedenis doen, dink "'n Matie is nie gelykstaande aan 'Afrikaner' of 'Afrikaans-sprekende' nie". Sy, en baie van haar mede-studente, voel tog "sterk oor die behoud van Afrikaans as 'n akademiese taal". Maar om Engels te hoor en te praat op kampus is nie vreemd vir studente nie. Ander tale is nog nie baie verteenwoordig nie, met slegs 4% van verlede jaar se studente wat 'n ander amptelike landstaal as Afrikaans of Engels gepraat het.

Steeds is Stellenbosch 'n plek van verskeidenheid. Daar is Woensdae-aande 'n sokkie in die boonste saal van die Neelsie-studentesentrum. Daar is ook verskeie Bybelskole op Stellenbosch wat gemik is op studente. Daar is baie kerke, van die charismatiese Shofar tot die meer tradisionele NG Moedergemeente en St. Mary Anglikaanse kerk.

Daar is min politieke verteenwoordiging op kampus, met die uitsondering van die ACDP, die Swart Studentevereniging en die Suid-Afrikaanse Liberale Studentevereniging.

Daar is twee kore op kampus, die prestigeryke Universiteitskoor en die NG Studentekerk se kerkkoor. Daar is koshuisrugby op Vrydaemiddae. Daar is Maties-atletiek. Daar is twee gimnasiums op die dorp.

Daar is verskeie verenigings wat films wys en sommiges wat dit ook maak. Daar is amateurdrama-geselskappe. Daar is die Berg- en Toerklub (BTK), wat nog steeds sterk loop na meer as 75 jaar.

Daar is selfs 'n vereniging wat in joga en die vegetariese leefstyl spesialiseer.

En as dit nie genoeg is nie, het alle koshuise en die Privaatstudenteorganisasie (PSO) hul eie komitees en aktiwiteite vir kultuur en sport.

Daphney Molewa voel soos 'n Matie omdat sy deur al die rituele in haar koshuis was. "Ek was deur alles wat my 'n Matie maak, van my koshuisjare tot my graad."

Koshuiskultuur is steeds belangrik op kampus, maar is dalk nie meer so definiërend soos in die verlede nie. Baie van die "ontgroening" van eerstejaarstudente is makgemaak sedert 2000. Matie-wees sal egter vir baie mense nog gekoppel word aan die spesifieke koshuis waarin hulle was.

Om 'n Matie te probeer vaspen aan een definisie is dalk onmoontlik. Almal stem saam dat om in Stellenbosch te studeer jou tog, op een of ander manier, na die Matie-beeld sal vorm.

Of jy nou op 'n Vrydagaand eers ná twaalfuur 'n braaivleisvuur aansteek, uitgaan om te kuier, iewers gaan langarm, kerkuitreike doen of 'n mal *bonfire* in jou koshuis se *quad* aansteek, jy gaan iewers vasloop in Matie-wees.

Vir Renier Marchand, 'n meestersgraadstudent in elektroniese ingenieurswese, ís daar iets soos 'n Matie. "Dis vir my die plek, die mense. Dis die laaste ses jaar op Stellenbosch. Ek voel dat ek 'n Matie is."